
# Veerkragtigheid in 'n tyd van druk

"NAMPO Oesdag bly die belangrikste ontmoetingspunt vir landbou in Suid-Afrika - veral in 'n tyd waar produsente onder toenemende druk funksioneer. Veerkragtigheid gaan nie meer net oor oorlewing nie, maar oor die vermoë om aan te pas, beter besluite te neem en volhoubaar winsgewend te bly. NAMPO bring die oplossings, tegnologie en gesprekke bymekaar wat produsente nodig het om hierdie uitdagings met vertroue aan te pak," sê dr. Dirk Strydom, besturende direkteur van NAMPO (Edms.) Bpk.

Veerkragtigheid deur Innovasie verwoord presies waar die landbou in 2026 staan. Produsente boer in 'n omgewing van toenemende druk, van klimaatsrisiko's en stygende insetkoste, peste en plae tot mark- en beleidsonsekerheid, en




veerkragtigheid beteken vandag meer as om bloot hierdie uitdagings te oorleef. Dit beteken om aan te pas, doeltreffendheid te verbeter, risiko beter te bestuur en winsgewendheid deur praktiese innovasie te beskerm. Dit is wat hierdie tema so relevant vir NAMPO maak. As platform bring NAMPO die landbouwaardeketting op een plek bymekaar om tegnologie ten toon te stel, kennis te deel en produsente met idees en oplossings te verbind wat landbou vir die toekoms kan versterk.

NAMPO 2026 weerspieël die werklikhede van moderne boerdery – kleiner marges, groter risiko's en 'n groeiende behoefte om slimmer en meer noukeurig te boer. Veerkragtigheid hang toenemend af van die vermoë om aan te pas en vorentoe te beweeg, met innovasie as dryfveer - van presisietegnologie en gevorderde meganisasie tot verbeterde genetika, navorsing en data-gedrewe besluitneming. NAMPO skep die ruimte waar hierdie oplossings tasbaar word en waar produsente eerstehands kan ervaar wat die toekoms van landbou moontlik maak.

# Wat is nuut by Nampo 2026?

NAMPO 2026 bou voort op sy gevestigde reputasie, maar bring terselfdertyd nuwe energie en ontwikkeling na die terrein. Besoekers kan uitsien na nuwe produkbekendstellings, insluitend voertuie, tesame met 'n poging om 'n wêreldrekord op te stel, en verskeie nuwe trekkers, terwyl tegnologie 'n sterk fokus bly met beplande demonstrasies van spuithommeltuie en ander praktiese oplossings.

Die terrein self brei uit met nuwe geboue, addisionele standplase aan die noordekant en 'n groter verskeidenheid uitstallers, insluitend internasionale deelname deur 'n Chinese en Italiaanse paviljoen. 'n Nuwe ontspanningsarea met verversings, saam met die *Six Gun Grill Country Hall*, skep verdere geleentheid vir besoekers om te ontspan en die NAMPO-ervaring ten volle te geniet.

Die *Santam Landbou Vroueprogram*, in samewerking met Rooi Rose, bly een van die hoogtepunte van NAMPO en vind weer plaas in die gewilde Rooi Rose-tent. Die program beloof 'n dinamiese mengsel van inspirasie en vermaak met kunstenaars en persoonlikhede soos Hannon, Willem Botha, Amanda Strydom, Carmién Tea, Reandi Grey, Lizz Meiring, Susan Coetzer, John Rock Prophet en Hannes van Wyk.

Praktiese verbeterings sluit die beskikbaarheid van vliegtuigbrandstof op NAMPO Park in, asook 'n uitbreiding van die pendeldiens met bykomende waentjies om beweging oor die terrein verder te vergemaklik.



# Ou gunstelinge en ervarings

Naas nuwe ontwikkelings bly die kern van NAMPO se sukses die bekende elemente waarna besoekers jaar na jaar terugkeer. Die gewilde Standard Bank 4x4-baan en Avontuur 4x4 baan bied steeds aksiebelaaide demonstrasies, terwyl die saadpersele aan die oostekant waardevolle insig bied in die nuutste genetika en gewasopsies.

*Die Nasie in Gesprek*-reeks sluit weer hoëvlakgesprekke oor plaaslike en internasionale landboutemas in. In die lig van die onlangse uitbrekings van bek-en-klouseer en die besluit dat geen gespletehoefdiere vanjaar by NAMPO 2026 toegelaat sal word nie, sal die TAU Animal Feeds Vee-arena 'n aangepaste en innoverende ervaring bied. Nierisikodiere soos perde, honde en pluimvee sal steeds teenwoordig wees onder streng biosekuriteitsmaatreëls.




Telersgenootskappe doen groot moeite om die waarde van hul rasse deur kreatiewe uitstallings uit te beeld, en besoekers kan uitsien na 'n nuwe ervaring wat verder strek as die fisieke dier alleen. Kom leer meer oor die wetenskap en prestasie van lewende hawe, nie net die voorkoms van die dier nie. Benewens kreatiewe uitstallings deur telersgenootskappe, kan besoekers uitsien na 'n sterkman-kompetisie, saam met verskeie ander verrassings wat beplan word om die arena steeds 'n dinamiese trekpleister te maak. Die Graan SA Museum, met trots geborg deur Santam, bied besoekers die geleentheid om die ryk geskiedenis van Graan SA en NAMPO te beleef. Geleë langs die Voorsitter se Onthaalarea aan die westekant van die terrein, vertel die museum die verhaal van die organisasie se ontwikkeling en die groei van NAMPO oor die jare – 'n betekenisvolle herinnering aan die wortels van Suid-Afrikaanse graanproduksie.

# Kaartjies en besoekersinligting

Kaartjies vir NAMPO 2026 is vanaf April beskikbaar via OpenTickets (www.opentickets.co.za), met afslag vir aanlyn aankope. Hekke open daagliks om 07:00 en sluit om 17:00. Volledige rigtingaanwysings, parkering en inligting oor die privaat landingstrook is beskikbaar op die NAMPO-webwerf en via die NAMPO-toep.

Besoekers word herinner dat troeteldiere, fietse, selfaangedrewe karre en motorfietse nie op die terrein toegelaat word nie, en dat die beskikbare pendel- en vervoeropsies die maklikste manier is om die terrein te verken.

NAMPO Oesdag bly die belangrikste ontmoetingspunt vir landbou in Suid-Afrika – 'n plek waar idees, innovasie en mense bymekaar kom. In 'n tyd waar produsente onder toenemende druk funksioneer, bied NAMPO 2026 nie net inspirasie nie, maar praktiese oplossings wat help om landbou meer veerkragtig, meer doeltreffend en meer winsgewend te maak.

Die 2026 NAMPO-handelsmerke, temas en ikone sal beskikbaar wees vir aflaai op die webwerf. Vir meer inligting, besoek www.nampo.co.za of laai die NAMPO-toep uit jou gunsteling aanlyn winkel af.






PLAAS van sukkel, verkoop aan ons

we buy cars

# ’n Slimmer en meer toeganklike ervaring

Die NAMPO 2026-toep speel ’n sleutelrol om besoekers se ervaring te verbeter. Met toegang tot meer as 900 uitstallers, verbeterde navigasie en interaktiewe funksies kan besoekers hul roetes vooraf beplan, uitstallings maklik opspoor en die terrein breedvoerig verken. Die toepassing bring alle noodsaaklike inligting, van programme tot video-inhoud, saam op een platform.

Beweging op die terrein bly eenvoudig en doeltreffend. OFM saai weer regstreeks uit vanaf NAMPO Park en deel belangrike verkeers- en roete-inligting wat onmiddellik bygewerk word. Die gewilde Mieliehop-pendeldiens verbind Bothaville en NAMPO Park daagliks, terwyl addisionele roetes vanaf OR Tambo en omliggende dorpe toegang verder vergemaklik.

Daar is ook opnuut ondersoek gedoen rakende die vloei van verkeer, en Nampo het aanpassings gemaak om die toegang tot die terrein te vergemaklik. In teenstelling met vorige jare is die waarskynlikheid groot dat die grondtoegangsroetes weer in werking sal wees tydens Nampo wat verkeersvloei sal vergemaklik.

Vir lugreisigers bied Century Avionics weer ’n lughawe-sitkamer met pendeldiens na die terrein. Binne NAMPO Park vervoer trekkerwaens besoekers tussen uitstallings, en addisionele bushaltes is bygevoeg om toegang tot alle areas van die terrein te verbeter.

# Verblyf en kos

Wat akkommodasie betref, bly die karavaanpark suid van Hek 2 ’n gewilde opsie, met 100 kragstaanplekke en twee ablusieblokke. Dit bied ’n gerieflike oplossing vir besoekers wat naby die terrein wil bly.



Die kos-ervaring by NAMPO word verder versterk deur die terugkeer van die Syngenta Boerekos Plaaskombuis, wat weer topgehaltedisse in ’n ontspanne plaasstylomgewing bied. Saam met NAMPO se tradisionele kosstalletjies, wat deur plattelandse niewinsgewende organisasies aangebied word, skep dit ’n diverse en eg Suid-Afrikaanse kulinêre ervaring.






# Befondsing van die oorgang:

## Die toekoms van landbou is van slimmer kapitaal afhanklik

Suid-Afrikaanse boere staan toenemend onder druk – van verbruikers, finansiers en die natuur self – wat hul noop om hul benadering tot voedselproduksie te herevalueer. Die oorgang na regeneratiewe landbou is nie meer iets vir die toekoms nie, dit is reeds aan die gebeur. Tog, terwyl daar baie oor grondgesondheid, koolstof en volhoubaarheid gepraat word, bly een kernaspek dikwels agterweë: Dit is uiteindelik finansiering wat gaan bepaal of hierdie oorgang volhoubaar slaag en of boere langs die pad vasval.

Tydens *Landbouweekblad* se Volhoubare Landboukonferensie 2026, waarvan Nedbank 'n sleutelborg is, het Daneel Rossouw, hoof van Verkope vir Nedbank Landbou, 'n belangrike punt beklemtoon: "Die oorgang na regeneratiewe landbou gaan oor veel meer as net 'n verandering in boerderypraktyke – dit verg doelbewuste finansiële herstrukturering. As dit nie reg aangepak word nie, loop selfs die mees toegewyde produsente die risiko om hul lewensvatbaarheid in gevaar te stel."

*Landbouweekblad* se Volhoubare Land-boukonferensie 2026 bestaan uit 'n reeks werksessies in die Vrystaat, Wes-Kaap en Noordwes, met die doel om produsente wat na regeneratiewe landbou oorskakel, te ondersteun. Die werksessies bring boere, navorsers en bedryfskundiges bymekaar om praktiese maniere te verken om grondgesondheid te herstel, plaasveerkragtigheid te verbeter en insetafhanklikheid te verminder. 'n Steuteltema is die kommersiële haalbaarheid van regeneratiewe landbou en die potensiaal om langtermynwins-gewendheid te bevorder. Die konferensie plaas ook sterk klem om op die finansiële implikasies van die oorgang, insluitend risikobestuur, kontantvloei en toepaslike finansieringstrukture.




Rossouw sê die beginpunt is bestaande skuld. "Te veel landbou-ondernemings is vasgevang in finansieringstrukture wat oorspronklik vir konvensionele, inset-intensiewe boerderystelsels ontwerp is. Hierdie strukture laat dikwels min beweegruimte, veral tydens 'n oorgangs-fase wanneer opbrengste kan wissel en voorafkoste hoog is." Skuld moet daarom geherstruktureer word om genoeg ruimte vir werkkapitaal te skep, paaiemente by realistiese kontantvloei aan te pas, en termynfinansiering, waar nodig, te verleng. "Sonder hierdie tipe buigsaamheid word daar van boere verwag om hul boerderystelsels te verander terwyl hulle finansieel op onvaste grond staan," sê hy.

Behalwe herstrukturering is daar 'n duidelike behoefte aan bykomende, be-hoorlik gestruktureerde termynfinan-siering. Oorgangstydperke vra beheer, geduld en die vermoë om aan te pas. Buigsame fasiliteite, wat rekening hou met wisselvallige kontantvloei en gefaseerde beleggings, is noodsaaklik. "Dit gaan nie daaroor om skuld roekeloos te verhoog nie. Dit gaan daaroor om kapitaal só te struktureer dat dit verandering moontlik maak eerder as om dit in die wiele te ry," sê Rossouw.

Batefinansiering speel ook 'n belangrike rol, veral waar produsente belê in toerusting en infrastruktuur wat by regeneratiewe boerderypraktyke pas – soos geen- of minimumbewerking-saadplanters, reënwateropvangtenks en drupbesproeiingstelsels. Rossouw benadruk egter dat sulke beleggings realisties benader moet word. Nie elke uitdaging vra noodwendig nuwe kapitaalbesteding nie. Dikwels is dit 'n slimmer oplossing om bestaande hulpbronne beter te benut en nuwe bates doelgerig en stapsgewys in te bring.

Volgens Rossouw is die meeste druk op werkkapitaal. "Regeneratiewe oorgange gaan dikwels met korttermynonsekerheid en ekstra voorafkoste gepaard. Om dit as 'gewone' werkkapitaal te hanteer, is 'n fout," sê hy. "Hierdie kapitaal moet doelbewus afgekamp, aktief bestuur en buite tradisionele raamwerke gestruktureer te word. Dit bring groter deursigtigheid en finansiële dissipline en, baie belangrik, gee boere die nodige ruimte tydens verandering.

"Dit alles rus op 'n ononderhandelbare beginsel: Die syfers moet klop," sê Rossouw. "Nie net vir die kliënt nie, maar ook vir die bank. Volhoubare landbou kan eenvoudig nie op onvolhoubare finansiering gebou word nie. As befondsingsmodelle meer op hoop as op harde realiteite geskoei is, gaan dit misluk – en produsente loop saam die risiko."



# Waarheen is ons op pad?

Die antwoord word al hoe duideliker: na 'n landbou-omgewing wat toenemend deur omgewings-, sosiale en bestuursraamwerke (ESG) en groter aanspreeklikheid teenoor verbruikers gevorm word. Volgens Rossouw ontwikkel ESG-verslagdoening vinnig verder as bloot 'n nakomingsoefening – dit word 'n praktiese bedryfsraamwerk vir moderne boerdery. Markdinamika, wat van uitvoervereistes tot kleinhandelaars se verwagtinge wissel, versnel ook die proses. In die toekoms sal boere nie net beoordeel word op wat hulle produseer nie, maar ook hoe hulle dit produseer en hoe die boerdery gefinansier word.

In Suid-Afrika is hierdie oorgang besonder betekenisvol. Die aanvaarding van regeneratiewe landbou neem toe namate produsente op wisselvallige klimaatstoestande, stygende insetkoste en die behoefte aan langtermyn-veerkragtigheid reageer. Terselfdertyd stel internasionale markte al hoe strenger vereistes vir volhoubaar geproduseerde produkte, wat verdere aansporing skep om hierdie praktyke te aanvaar.

Die oorgang is egter nie sonder uitdagings nie. Die voorafrisiko is hoog en tydelike onsekerheid en Suid-Afrika se uitdagende agroklimaatstoestande moet ook in ag geneem word. Vaardigheidstekorte, asook onduidelikheid en uiteenlopende interpretasies van wat "regeneratief" werklik beteken, belemmer aanvaarding. Uiteindelik sal die sukses van hierdie oorgang afhang daarvan of finansiële stelsels saam met boerderypraktyke kan aanpas en ontwikkel.

"Dit is 'n gulde geleentheid, maar terselfdertyd ook 'n groot risiko", sê Rossouw. "As banke en finansiers aanpas en befondsingsmodelle ontwikkel wat die werklikhede van 'n oorgangstydperk verstaan en in ag neem, kan hulle 'n sleutelrol rol speel om 'n meer veerkragtige en winsgewende landbousektor te ontsluit. As dit nie gebeur nie, loop hulle gevaar om vooruitgang te belemmer op 'n tydstip wanneer dit juis dringend moet versnel. Hy waarsku verder dat die toekoms van landbou nie deur ideologie alleen bepaal sal word nie. "Dit gaan uiteindelik daarvan afhang of kapitaal intelligent en verantwoordelik gestruktureer word om verandering te steun. Dit is nie net 'n bank se verantwoordelik of net 'n boer s'n nie – dit is 'n gedeelde verbintenis tussen produsente en finansiers."

Regeneratiewe landbou is ook 'n kerntema by vanjaar se NAMPO Oesdag, wat van 12 tot 15 Mei in die Vrystaat plaasvind. Belangstellendes word uitgenooi om die Nedbank-stalletjie te besoek. Gesels gerus met ons landbouspesialiste en neem deel aan die gesprekke oor hierdie en ander belangrike kwessies wat die toekoms van die landbousektor help bepaal.

Daar is ook die gewilde Nasie in Gesprek-paneelbesprekings wat jaarliks tydens NAMPO aangebied word, waarvan Nedbank 'n trotse borg is. Hierdie sessies het ontwikkel tot 'n intellektuele hoogtepunt van NAMPO, en Nedbank se betrokkenheid is betekenisvol aangesien dit die bank in staat stel om die ingewikkelde kwessies van die landbousektor beter te verstaan, terwyl hulle ook bydra tot oplossings vir baie van die uitdagings waarmee die sektor te kampe het. Om die sessies by te woon, bespreek hier: www.nationinconversation.co.za.




BEPLAN JOU WERK. BEWERK JOU PLAN.

- TEGNIESE-Kwalifikasies
- Dieselwerktuigkunde
- Elektries
- Vervoer-Elektries (Outo-Elektries)
- Sweis
- Megatronika
- Meulmaker
- Pas-en-Draai

- NIE-TEGNIESE-Kwalifikasies
- Inligtingstegnologie
- Haarkappery
- Vroeëkinderjare Ontwikkeling

- Het jy geweet jou skool kan ons kampus kom besoek?
- Reël 'n kampusbesoek en kom beleef ons kampus self.

Skandeer hier vir die toelatingsvereistes

086 199 9880 • navrae@sol-tech.co.za

SOL-TECH.CO.ZA

# Nasie in Gesprek 2026:

## Veerkragtigheid as Strategiese Voordeel by NAMPO Bothaville

*Nasie in Gesprek* (NIG), met trots ondersteun deur, onder andere, Graan SA, Nedbank en Senwes, keer vanjaar terug na NAMPO Bothaville met die deurslaggewende tema: "Veerkragtigheid skep voordeel". In 'n tyd waar die landbousektor gekonfronteer word met komplekse uitdagings, fokus NIC op hoe veerkragtigheid nie net oor oorlewing gaan nie, maar 'n mededingende voordeel in die mark ontsluit.

Vanjaar se program bring kundiges, beleidmakers en produsente bymekaar om die mees dringende kwessies in die waardeketting te bespreek. Van die ekonomiese realiteite van boerdery tot die strategiese bestuur van globale handelsoorloë, bied NIG 'n platform waar dialoog omskep word in aksie.

"*Nasie in Gesprek* het nog altyd daaroor gegaan om die regte stemme in dieselfde vertrek bymekaar te bring om die realiteite wat landbou en ons ekonomie vorm, in die oë te kyk," sê Francois Redelinghuys, Bestuurder: Korporatiewe Bemarking en KSI by Senwes, 'n bekende vennoot van *Nasie in Gesprek*. "Vanjaar se tema weerspieël 'n fundamentele verskuiwing — veerkragtigheid gaan nie meer net daaroor om uitdagings te verduur nie, maar om dit te gebruik om sterker stelsels, beter besluite en 'n meer mededingende landbousektor te bou."

### PROGRAM-HOOGTEPUNTE:

- **Dinsdag 12 Mei:** Om te boer of nie te boer nie – Ontleding van die ekonomiese werklikheid van toenemende druk op marges
- **Woensdag 13 Mei:** BKS & Biosekuriteit – Versterking van vertroue in Suid-Afrika se dieregesondheidstelsels.
- **Woensdag 13 Mei:** Waterhulpbronne – Navigering van die mededinging om elke druppel
- **Woensdag 13 Mei:** Biobrandstowwe – Verkenning van die toekoms van energiesekerheid op die plaas
- **Donderdag 14 Mei:** Van narratief tot aksie – Omskakeling van sektorinvloed in beleidsuitkomste
- **Vrydag 15 Mei:** Handelsoorloë en tariewe – Posisionering van Suid-Afrika om mededingend te bly in gefragmenteerde markte

Vir die volledige program en om jou plek te bespreek, besoek die Nasie in Gesprek-webtuiste: https://www.nationinconversation.co.za/




*Die Nasie in Gesprek-reeks*